# GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/13
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Boudewijn de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 0722829959. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Calla Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682. Bank: ABSA 9258840691 StigtingVOCFoundation.

---

*Welaen Vrunden!*

Teken assseblief die volgende funksies en datums aan. Ons volgende *Generale Missive* verskyn eers oor drie maande.:

**1. Die posklippe van die VOC.**




Die pre-koloniale tydperk in die Kaapse geskiedenis word om ’n vanselfsprekende rede soms ‘die posklip-periode’ genoem. Nie alle gegrafeerde stene het briewe onder gehad nie. Sommige was ’n soort vorderingsverslag, soos daardie stuk ruimterommel op die maan met ’n plaatjie aangeskroef: ‘*Here man first set foot on the moon.’* Skeepshoofde het soms korrespondensie aan inboorlinge toevertrou; daar was een genoem Hadah wat vir die Engelse briewe gehou het en ’n tyd lank een met die naam Isaac wat vir die Hollanders briewe opgepas het. Ek is nie so oortuig soos R. Elphick (*Kraal and Castle*) dat Hadah dieselfde persoon as Herrie (Autshomao) was nie. Met die ontwikkeling van

die Tafelbaaise strandgebied is sewe VOC-stene gevind, maar ook veel meer met Engelse inskripsies. In dieselfde tydperk is 'n groot aantal posklippe by ander plekke waar hulle aangedoen en vertoef het, agtergelaat soos op Madagaskar, en waarskynlik ook op St Helena-eiland. Skipper Hartogh van *Eendracht* het sy besoek aan die weskus van Australië (1616) op 'n tafelbord van tin beskryf en dit aan 'n paal gespyker waar die De Vlaming-ekspedisie uit die Kaap dit in 1697 gevind het.


Mara de Groot van die Nederlandse instituut Gemeenschappelijk Cultureel Erfgoed maak tans 'n dokumentêre video oor dié petrogliewe en sal ons daaroor toespreek en illustrasies vertoon. Almal welkom. Daar is volop parkeerplek en altyd lekker koffie. 'n Bydrae van R20 ten bate van die *Meermin*-boufonds sal waardeer word.
Tyd: 10:30
Datum: Saterdag 24 Augustus 2013.
Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands.

**2. Die Kasteel se ysterwerk: Slotte en skarniere.**
In die ontwikkeling van die mens as sosiale wese is die metaalwerker se ambag een van die oudste en mees nuttige. Hulle was die makers van ploeë, harnas, hoefysters, vuurtange, swaarde en grawe. Die kunstenaars onder hulle het gespesialiseer: geweerslotte, deurslotte. Mnr Tobie Openshaw kom vertel, met vele illustrasies, van die restourasie van die stokou slotte en skarniere van historiese geboue, soos Kasteel de Goede Hoop, waaraan hy gewerk het. Hy en sy skoonseun Francois van Zyl (ook 'n bekende slot- en skarniermaker (sien www.vintagemetals) sal saam verduidelik en demonstreer hoe hulle die ou en stukkende slotte van die Kasteel herstel het. Hy het ook interessante voorbeelde om ten toon te stel, o.a. die Kasteel se hoofsleutel. 'n Bydrae van R20 ten bate van die *Meermin*-boufonds sal waardeer word.
Tyd: 10:30
Datum: Saterdag, 14 September 2013.
Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands.
Almal welkom. Volop parkeerplek. Nooi al u argitekvriende.

**3. Oorhandiging van Stigting VOC se bewaringsmedalje:** Ons lede en hulle vriende word genooi na ons Erfenisdag-ete, waartydens ons Silwer Medalje, wat toegeken word aan persone wat in 'n buitengewone mate tot die instandhouding van die VOC se nalatenskap bygedra het, aan kaptein F. Morkel van Kasteel de Goede Hoop oorhandig sal word. Vorige ontvangers is mnr. R. Lightley (Skeepsmodelbou) mnr. G. en dr. G. Fagan (Argitektuur), mnr M.van Bart (Joernalistiek) en Prof.G. Schutte (Geskiedenis).Kaptein Morkel sal ons van sy ervarings in die Kasteel vertel. Koste: R165,00 per persoon, tafelwyn uitgesluit.
Tyd: 12:00
Datum: Saterdag, 21 September 2013.
Plek: Die Birch-lokaal, Erinvale Hotel, op die Lourensford pad in Somerset-Wes.
***R.S.V.P.***: Ons het 'n deposito vir die lokaal betaal, en vra daarom belangstellendes om so vroeg as moontlik, maar vóór 14 September, die nodige bedrag in ons bankrekening te betaal (besonderhede hierbo.)

**4. Erfenisdag op die Gantouwpas.** Op Erfenisdag, Dinsdag 24 September hou die bewaringsgroep Helderberg Renaissance Stigting vir die vyfde keer hulle jaarlikse herdenking bo-op die Gantouwpas. Die program begin om 11:30 met 'n Nederlandse skriflesing, die VOC-vlag gehys deur Scouts en die Wilhelmus op 'n trompet geblaas. Die gebruik van die VOC se seinstelsel word kortliks verduidelik en die historiese kanon, deur hulle gerestoureer en behoorlik gemonteer, word om twaalfuur afgevuur. Daarna word die vlag deur Voortrekkers neergehaal. Die top van Gantouwpas word van die oostekant af bereik; as u van die Kaapse kant kom, draai net voor Grabouw links en volg die padtekens ('n kanon met 'n pyl) deur die dennebos. Die laaste kilometer is te voet. Dit is altyd 'n mooi en gesonde uitstappie. Die uitsig weswaarts oor Tafelbaai, die Vlakte en Valsbaai is manjifiek en die lug is suiwer suurstof. Dra asseblief R10 by; kinders is gratis. As u oor die weer twyfel, skakel Boudewijn (Komiteelid mnr De Vries) by 072-282-9959.

**5. Besoek aan die buitepos Vissershok, Sondagsfontein en Philadelphia:**



Hierdie streek staan bekend as die Koeberg. (Koina: *!xou* – berg, dus Bergberg. Buitepos *Vissershok* dateer uit die tyd toe die Kompanjie nog self vir aanteelvee, trekvee en slagvee met beeste moes boer. Vee is tot 1714 nog hier deur leeus, '*wolven*' en wilde honde verskeur. Die buitepos is waarskynlik in 1685 (maar vóór 1691) gestig en het diens aan die Kompanjie gelewer tot dit in 1791 vir amper 12 000 ryksdalers aan H.O. Laubscher verkoop is. Die vendusie het twee dae geduur en die Kompanjie het die ongeveer 120 vendugangers getrakteer op die vleis van 6 beeste, 2 kalwers, 16 skape, 8 lammers, 17 varke, 110 stuks pluimvee, 400 eiers, 8 flesse jenewer, een anker brandewyn, gemengde groenteslaai, droë vrugte, neute, drie pond tee, mosterd, ens. Daar is ook 'n ander sy aan Vissershok, 'n storie soortgelyk aan die van *Vergelegen*, waar die goewerneur intensief privaat geboer het. Hier op Vissershok het landdros Starrenburgh sy magte versamel om boerehuise in die nag te bekruip en die goewerneur se teenstanders uit hul bed te sleep. Die huis is 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die illustrasies van

Vissershok se hekpilare kom uit G.E. Pearse: *Eighteenth Century Architecture in S.A.* London, 1935. (plaat 68.) Die datum daarop is 1768, uit goewerneur Tulbagh se tyd, toe baas Jan van Zijl die poshouer was. Watter boodskap dra sulke kolossale bouwerk oor aan ons van vandag, oor daardie tyd, daardie mense en die Kompanjie? Dink Groot. Die ouer buitepos Bommelshok (1676-1700), het suidweswaarts aan Vissershok gegrens.

* Ons kom om 11:00 op *Sondagsfontein* aan. Dit is ’n gronduitgif uit die Kompanjietyd, en was Elsje van Surwaerden (wie se naam in die Elsieskraalrivier leef) se tweede plaas. Die plaas word op verskeie kaarte ‘*de rondebosje*’ genoem, nogal verwarrend omdat dit aan ‘*de ronde doorn boschje aan ’t liesbeecks rivier*’ herinner. Hier bestaan nog ’n dorsvloer (pre-industrialisasie) en die eienaar het ’n interessante versameling van plaasgereedskap.

* Philadelphia is die hoofstad van die Koeberg, kern van die graanboukultuur en hartland van die Van der Spuy-familie. Die boeredorpie met sy eie poskantoor, skooltjie en kerk herdenk die 150ste jaar van die gemeente se bestaan en is nou ’n gewilde toerismeplek, met allerhande interessante winkeltjies. Ons groep gaan daar uiteen. Die wat wil kan middagete daar geniet.

Tyd: 09:00

Datum: Saterdag, 12 Oktober 2013.

Plek: Vergader b<u>uite Vissershok se hek.</u> Hoe om daar te kom: (a) Kom jy van Stellenbosch of Somerset-Wes, kan die plaas bereik word deur regoor die Eben Dönges Hospitaal noord uit die N1 te draai en met die ou Doodekraalpad (nou JIP de Jager) deur Kenridge (die plaas *Mon Repos,* van my jeug) en verby *Altydgedagt* te ry. Draai regs by verkeerslig; daar is ’n kort bloekomlaan wat na Durbanville lei, en by die verkeerslig op die dorp se hoek draai links in die Vissershokpad. (b) Kom jy met die N1 van Kaapstad af, draai anderkant Century City (*Zeven pannetjes* op VOC-kaarte) uit die N1, die groen bord sê: Malmesbury. Ry noord met die N7 in die rigting van Malmesbury. Na 6-7 km op die N7 gaan jy by Moordenaarsdrif (daar is nou ’n brug) oor die Dieprivier. Vissershok lê in ’n holte aan die regterhand, naby die brug. (c) Kyk na Nico se kaart op ons webwerf. Die wat verdwaal of wonder oor die weer kan Nico (komiteelid dr Walters) by 082-448-7789 skakel.

**6. Formele oorhandiging van *Meermin* model.**

Die bou van ’n skaalmodel van die Kompanjie se slaweskip *Meermin* was een van ons Stigting se grootste en duurste opvoedkundige projekte. Hoewel ons nog omtrent R30 000 kort van ons oogmerk is, is die model nou voltooi en voorlopig aan die Iziko

Slawelosiemuseum vir veilige bewaring gegee. Dit word vir opvoedkundige doeleindes in bruikleen aan Iziko Museum toevertrou. ’n Sosiale geleentheid vir die formele oorhandiging word gereël. Dit sal op ’n Woensdag namiddag in die tweede helfte van Oktober in die Slawelosiemuseum, h/v Adderley- en Waalstraat, Kaapstad, plaasvind.Al ons lede en ander donateurs word hartlik na die geleentheid genooi. Ons gee later die volle besonderhede. Dit is ’n besonder mooi model en die <u>enigste van ’n driemas-hoeker</u>

wat ek in enige maritieme museum gesien het. Alles is op skaal (1 : 36), selfs die kanonnetjies is met die Kompanjie se logo gegraveer.



**Uit die Argief:** Ons ondersoek 'n nuwe aspek van die boere se stryd teen goewerneur W.A. van der Stel in die eerste dekade van die agtiende eeu. Van der Stel en ander regeringsamptenare het saamgesweer om die mark vir die lewering van graan en wyn aan die Kompanjie te kaap. Die boere, wat geen ander bron van inkomste gehad het nie, het by Here Sewentien daaroor gekla. Van der Stel het in reaksie 'n getuigskrif (later genoem die '*Contra Petitie*') ten gunste van homself opgestel en mense omgekoop of gedwing om dit te onderteken. Landdros Johannes Starrenburgh van Stellenbosch (self eienaar van die plaas *Onrust* in die Tygerberg) moes die dokument van huis tot huis op die platteland neem en handtekeninge ten gunste van die goewerneur versamel. Teen dié agtergrond, die volgende bydrae:

Het landdros Starrenburg dalk handtekeninge vervals?

In *Die Dagboek van Adam Tas* (red.: L.Fouché,Van Riebeeckvereniging, Tweede reeks, nr 1, 1970, p.190.) vertel die boer Hans Conterman op 18 Februarie 1706 aan Adam Tas dat landdros Starrenburg hom 'n getuigskrif ter ondersteuning van goewerneur W. A. van der Stel voorgelê het en hom wou dwing om dit te teken. Conterman sê hy het geweier, maar het gesien dat drie of vier persone alreeds geteken het en noem dan by name Hans Hendk Hatting in de Tijgervalleij. Hierop merk Tas in sy Dagboek

betekenisvol op dat dit '*een droefgeestige zaak,'* is. Verder meld Conterman ook dat die landdros sy bode en veldwagters (dit is Kompanjie-soldate wat aan die landdros as assistente toegevoeg is) uitgestuur het om mense by Franschhoek, Paarl en Drakensteijn byeen te roep ten einde die getuigskrif van die goewerneur se goeie gedrag te teken.

'n Belangrike klag van die burgers teen goewerneur Van der Stel was dat hy sy vriende en diegene wat hom ondersteun het, met die uitreiking van grondbriewe beloon het terwyl daar talle ander was wat al lank in die tou gestaan het om gehelp te word. Van der Stel het inderdaad in April verskeie grondtoekennings gemaak, onder andere ook aan H. H. Hattingh, wat op 26 April 1706 die plaas *Hadersleben* in Tijgervalleij se grondbrief ontvang het. Hieroor maak prof.Leo Fouché die veelseggende opmerking dat '*De burger H. H. Hattingh had zijn medeburgers lafhartig verraden door de Contra Petitie te tekenen…*' (p.380.)

Maar het Hattingh werklik die petisie onderteken? Met die nagaan van die handtekeninge op die *Contra Petitie* kon ek die handtekening van Hattingh nie vind nie. Op verskeie vroeëre dokumente kom sy handtekening of merk wel voor. Die vroegste hiervan is die van Maart 1696, waarin hy sy naam nog met 'n kruisie teken. (1/STB 18/153). Selfs die kontrak wat hy in November 1700 met Hans Jurgens Craijenberg van Lüneburg aangaan, word met 'n soort kruisie geteken. Die eerste keer dat hy 'n dokument met iets anders onderteken, en wel met drie skewe en onbeholpe h's, is die testament van Otto Samuelsz van Greuningen, gedateer 30 Desember 1702. (1/STB 18/2).

In 1706 volg bogenoemde *Contra Petitie*. Daarin verskyn wel die naam 'Hans Hend Hatt' wat destyds deur Conterman raakgesien is. Maar dit is in 'n geoefende hand geskryf, wat ver van die drie bewerige h's waarmee Hattingh tot nou toe dokumente geteken het, verskil. En in die dokument gedateer 24 Maart 1708, dus twee jaar later, teken Hattingh weer met sy kenmerkende drie h's. 'n Jaar later is daar wel nog 'n dokument met Hans Hend Hatt (1/STB 18/41) as handtekening, in teenstelling met die drie bewerige h's waarmee hy ook op 20 Junie 1712 as borg vir Hercules du Preez teken, en hy herhaal die h's weer met die ondertekening van sy testament op 25 Junie 1721.

Die moontlikheid bestaan dat Hattingh sy handskrif kon geoefen het, vandaar die oorgaan van 'n kruisie na iets anders, maar die verskil is eenvoudig te opvallend teenoor wat in die *Contra Petitie* verskyn. Daardie een is van iemand wat gewoond is om te skryf, wat min moeite ervaar om hoofletters en kleinletters in lopende skrif aanmekaar te skryf en die ander dié van iemand wat sukkel om die eenvoudige kleinletter 'h' drie keer te maak. Wie sou dan die naam Hans Hend Hatt op die petisie geplaas het? Was dit Starrenburg self? [Bydrae deur prof. Leon Hattingh.]

***Koina Herlewing**

Op Saterdag 27 Julie is 'n eerste konferensie of 'navorsings dialoog inisiatief' van die groep *Foundation Nation Restoration* op Durbanville gehou. Die geleentheid was goed gereël en daar was omtrent 50 persone teenwoordig. Die algemene gevoel was entoesiasties en die sprekers was goed voorberei. Die groep strewe na erkenning deur die regering van Koina en Sonkwa as 'eerste nasie,' van wie hulle afstam. ("Ons kom nie na die tafel met die pyl en boog nie maar met die rekenaar.") Hulle soek inligting en kennis van die verlede, en ek het hulle ons Stigting se hulp in die verband aangebied -dit strook met ons opvoedkundige beleid. Ek glo dat ons verplig is om dit te doen, want daar bestaan verwarring oor sekere sake, soos dat die Koina 'slawe van die koloniste' was.

Gelukkig het ons die argiewe beskikbaar en gereed. Ek hoop dat hulle van die aanbod gebruik sal maak. Lees oor hulle op: www.fnr.org.za

***Inligtingsessie vir Vrywillige Bewaringsverenigings:**
Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale bewaringsgesag, het op 20 Julie ’n werksesie gehou om geregistreerde bewaringsverenigings (soos Stigting VOC) oor hulle beleid, werksmetode en die algemene stand van sake op bewaringsgebied in te lig. Ongeveer 30 van die 55 geregistreerde liggame was teenwoordig. Erfenis Wes-Kaap beplan om die werksessie jaarliks, elke keer in ’n ander streek, soos Mosselbaai of George, te hou. Verenigings is herinner dat Erfenis Wes-Kaap se raadsittings oop is vir belangstellendes, en dat agendas en notules vir die publiek beskikbaar is op www.HWC.org.za. Verenigings kan die Direkteur (mnr Hall) se sekretaresse (mej. Peters, tel. 021-483-9598) om inligting skakel.

Die Bewaringswet waaronder die Raad werk, die Raad se mandaat, visie (‘*Celebrate, treasure, nurture*’) en samestelling is verduidelik. Daar is 12 raadslede, onder voorsitterskap van adv. R. Robertson. Daar is vyf staande komitees wat op gereelde dae vergader. Hulle word tweejaarliks deur SAEHR vir doeltreffendheid geassesseer. Daar is ook ’n ministeriële tribune. Die hoof uitvoerende beampte en personeel word deur die provinsiale Ministerie vir Kultuursake en Sport aangestel. Daar is 13 poste toegewy aan erfenisbewaring en 12 algemene administratiewe poste, wat ’n regsadviseur en ’n persoon wat die Raad se argief digitaliseer, insluit. EWK se jaarlikse begroting is R4,5 miljoen, waarvan R3,2 aan salarisse gaan. (Ter vergelyking: Natuurbewaring Wes-Kaap kry R22 miljoen p.j.)
In die boekjaar 2012-2013 het die raad:
61 keer vergader,
2094 aansoeke hanteer,
17 apelle ondersoek,
12 nuwe verenigings geregistreer ( Die jongste is die dorp Elim.)
51 kentekens opgerig.
3 nuwe inventarisse geregistreer. (Bewaringsliggame word genooi om ’n geillustreerde inventaris saam te stel van byv. VOC-plekke en artefakte in die provinsie. *(‘Inventory of VOC sites and artefacts (1602-1795) in the Western Cape, including the Batavian period, 1803-1806.’)* Nader inligting hieroor is by mnr S. Dyers te kry.) As voorbeelde van deeglike inventarisse kan belangstellendes mej Peters vra om Prins Albert, Overstrand of Simonstad se inventarisse op CD te sien.)
<u>Algemene inligting:</u>
* Gewese ‘Nasionale Gedenkwaardighede’ (met ’n klein aantal uitsonderings) is deur SAEHA as ‘Provinsiale Gedenkwaardighede,’ aan die provinsies oorgedra en word as van A-,B- of C-belang gegradeer. Volgens mnr Hall is net drie (Wes-Kaap, KZNatal, Gauteng) van die elf provinsiale bewaringsliggame aktief.
* Stuur asseblief jaarliks ’n afskrif van die vereniging se Algemene Jaarvergadering se Notule en Jaarverslag aan EWK om te wys dat dit aktief is. Stel Raad in kennis wie die liggaam se kontakpersoon (nie noodwendig voorsitter) is.

* Nuwe regulasies vir die registrasie van bewaringsliggame kan binnekort verwag word, en dit word van almal verwag om te herregistreer. Dit sal nie meer nodig wees om ook by SAEHA en Stad Kaapstad te registreer nie.
* Die provinsie sal (ongeveer November) in die koerante adverteer om nominasies vir prestasie t.o.v. bewaringswerk. Liggame word aangemoedig om hulle eie projekte in te skryf.
* 'n Voorbeeld van die Raad se nuwe gedenkplaat (wit keramiek, so groot as gewone badkamerteël, met 'n oranje-wit-blou waaiervormige simbool gedruk) word vertoon. Die Raad het nie geld of mannekrag om gedenkplate op te rig nie. So 'n teël word aan aansoekers verskaf om self aan te bring.
* Beskou die Erfeniswet as 'ontwikkelingsvriendelik' ('*development friendly,* '- mnr. Hall) m.a.w. nie so konserwatief as vroeër.
* "Die DA-party probeer om mag toe te eien ('*usurp power'* – mnr Hall), die demokratiese proses te omseil en self besluite oor erfenissake te neem. Die geloofwaardigheid van formele proses sal bepaal wat politici toegelaat word." ('*The credibility of process will determine what politicians are permitted*.' – mnr Hall.) Me Le Roux sê dat berigte oor die saak in die *Cape Times* en *Argus* verskyn het, maar nie in *Die Burger* nie.
* EWK trek aan die einde van die jaar van die Groentemarkplein af na die ou Standard Bank gebou in Adderleystraat.

*Behouwde Vaert!*
D.Sleigh (dr)
REDAKTEUR